



KENNISGEWING VIR DIE INSPEKSIE VAN 5^{de} AANVULLENDE WAARDASIEROL VAN EIENDOMME EN INDIEN VAN BESWARE MK NR 48/2014

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikel 49(1) (a)(i) en saamgelees met Artikel 78 van die Plaaslike Regering: Munisipale Wet op Eiendomswaardering (Wet no.6 van 2004), hierna verwys as die “Wet”, dat die aanvullende waardasierol vir die finansiële jaar 2013/2014 ter insae lê vir openbare inspeksie by die onderskeie Munisipale kantore en Biblioteke of by die webblad www.langeberg.gov.za, vanaf 18 Junie 2014 tot 08 Augustus 2014. 'n Uitnodiging word ook gerig ingevolge Artikel 49(1) (a)(ii) van die Wet dat enige eienaar van eiendom of enige ander persoon 'n beswaar kan indien by die munisipale bestuurder ten opsigte van enige aangeleentheid of uitsluitel rakende die aanvullende eiendomswaardasierol binne bogenoemde tydperk.

Daar word spesifiek gewys dat in terme van Artikel 50 (2) van die Wet dat 'n beswaar moet verwys na spesifieke eiendom en nie teen die aanvullende waardasierol nie. Die voorgeskrewe vorm om 'n beswaar vir die indiening van 'n beswaar is beskikbaar by die onderskeie munisipale kantore en Biblioteke of webblad www.langeberg.gov.za. Enige administratiewe navrae kan gerig word aan Kobus Brand (023- 614 8000), Adres: Privaatsak X2, Ashton 6715. Navrae in verband met die metode van spesifieke eiendoms waardasie kan gerig word aan Siyakula Eiendoms Waardeerders by 021 697 1333.

Algemene Navrae

Ashton : Me S Stemmet
Bonnievale : Me C Joubert
Montagu : Me W Wiese
Mcgregor : Me G Munnik
Robertson : Me L van Tonder

S A MOKWENI
MUNISIPALE BESTUURDER